



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

**GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne. • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme. 	30% (15 punte)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne. 	40% (20 punte)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. 	30% (15 punte)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.

Paragraafvraag

Paragraawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ . _____ . _____
 _____ . _____ . _____
 √√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE**2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2. Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik

gekontekstualiseer nie



- Verkeerde stelling

- Irrelevante stelling

|
|
|

- Herhaling

R

- Analise

A√

- Interpretasie

1√

2. Die matriks

2.5 2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	



- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	

NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
INHOUD 							
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS DIE KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's VERHOOG?**

- 1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- VSA
 - USSR (2 x 1) (2)
- 1.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Kuba het 'n noue verhouding met die USSR begin vestig.
 - Eisenhower was bevrees oor die verspreiding van kommunisme in Latyns Amerika
 - Eisenhower wou kapitalisme in Kuba beskerm.
 - Castro het sterk ekonomiese bande met die Sowjetunie gesmee
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Guatemala (1 x 1) (1)
- 1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Castro het die voorbeeld gestel met die standaard van toewyding ter verdediging van Kuba.
 - Hy het patriotisme en ware leierskap eienskappe gedemonstreer.
 - Jose Raman was nie bevoeg nie.
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Operasie MongOOSE (1 x 1) (1)
- 1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Medium-afstand ballistiese missiele (MRBMs)
 - Intermediêre ballistiese kernmissiele (IRBMs) (2 x 1) (2)
- 1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Kennedy het gereageer deur sy naaste raadgevers te ontbied om opsies en 'n direkte plan van aksie vir die VSA te oorweeg as oplossing vir die krisis.
 - Kennedy het 'n vloot-kwarantyn in Kuba ingestel
 - Hy was geskok
 - Hy het bedreig gevoel
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'n Lugaanval om die missiele te vernietig, gevolg deur 'n Amerikaanse inval
 - Streng waarskuwing aan Kuba en die Sowjetunie.
 - Vloot-kwarantyn van Kuba (2 x 1) (2)

1.2.5 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 1B – V1]*

- Die voorkoming van offensiewe militêre toerusting wat na Kuba verskep word – die VSA het probeer om die versending missiele na Kuba te stop.
- Om Sowjet-skepe fisiek te verhoed om missiele na Kuba te vervoer
- Beskou Kuba as 'n beskermde gebied van die VSA om enige toekomstige inval deur die USSR te verhoed
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*

- Amerika wou die opstapeling van kernwapens in Kuba stop.
- Amerika wou verhoed dat Kuba 'n kommunistiese staat word.
- Amerika wou die gevaar van 'n kernaanval deur Kuba elimineer
- Dit reflekteer Amerika se intensie om Kuba oor te neem
- Amerika wou wêreldvrede handhaaf en 'n kernoorlog vermy
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Ontleding en interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*

- Khrushchev het geweier om aan die Amerikaanse vlootblokkade gehoor te gee
- Khrushchev het gesê dat die VSA geen reg het om internasionale waters te blokkeer nie
- Khrushchev raak betrokke met waagmanskap met die VSA.
- Khrushchev het in dialoog met Kennedy betrokke geraak om die krisis op te los
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse van Bron 1B en Bron 1C – L3]*

- Bron 1B verduidelik die implementering van die kwarantyn op 22 Oktober 1962 en Bron 1C die kwarantyngebied in Kuba op 22 Oktober 1962 toon
- Beide bronne verwys na die missielterreine in Kuba
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- '... as jy regtig bekommerd is oor die welsyn van die wêreld.'
- '... indien hulle nie hul doelwit verloor het nie.' (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Khrushchev was verbind tot wêreldvrede, wou die verwoestende gevolge van die oorlog vermy.
- Khrushchev wou sy standpunt teenoor 'n moontlike oorlog uitdruk.
- Khrushchev het geweet dat die wapenopbou in Kuba tot 'n moontlike oorlog kon lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 1D – L3]***Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit is eerstehandse inligting
- Dit is 'n brief wat deur Khrushchev (USSR) aan president Kennedy (VSA) geskryf is.
- Dit spreek Khrushchev se standpunt uit oor die verwydering van missiele uit Kuba.
- Dit weerspieël Khrushchev se twyfel oor Kennedy se verbintenis tot wêreldvrede (beëindiging van kernwapens)
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- VSA en die USSR het 'n belangrike rol gespeel in die Kubaanse Missielkrisis. (Bron 1A)
- Die VSA het missiele op die Sowjet-grens met Italië en Turkye ontplooi. (eie kennis)
- Die USSR het gereageer deur missiele in Kuba te plaas. (Bron 1B)
- Die strategiese installering van missielbasisse van beide kante het wêreldvrede bedreig. (Bron 1C)
- VSA het gedreig om Kuba binne te val as missiele nie verwyder word nie en die USSR het ook daarop aangedring dat die VSA sy missiele uit Turkye en Italië moet verwyder. (eie kennis)
- VSA en USSR se aggressiewe reaksies het die Koue Oorlog spanning verhoog. (Bron 1A)
- Beide het uiteindelik ingegee (kompromis) en die krisis is opgelos. (Bron 1C)
- Die supermoondhede het besluit op ope lyne van kommunikasie (eie kennis)
- Hulle het ook die verbod op kerntoetse verdrag onderteken. (Bron 1C)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van hoe die Kubaanse Missielkrisis die Koue Oorlog spanning tussen Rusland en Amerika in die 1960's verhoog het. • Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag oor onderwerp te gee of kan verslag oor onderwerp gee nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou met 'n groot mate verband aan die onderwerp, bv. toon 'n begrip van hoe die Kubaanse Missielkrisis die Koue Oorlog spanning tussen Rusland en Amerika in die 1960's verhoog het. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Kubaanse Missielkrisis die Koue Oorlog-spanning tussen Rusland en Amerika in die 1960's verhoog het. • Bewyse hou goed verband met onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon 	6–8

(8)
[50]

VRAAG 2: HOE HET DIE POGINGS VAN DIE ANGOLESE BEVRYDINGS-BEWEGINGS MISLUK OM VREDE IN ANGOLA IN 1975 TEWEEG TE BRING?

- 2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Toe die Portugese administrasie gedisintegreer het, het drie mededingende nasionalistiese faksies gekompeteer vir mag.
 - Al drie nasionalistiese faksies was swak en ongeorganiseer.
 - Hulle het geen ernstige poging aangewend om 'n onderhandelende skikking te bereik nie. (Enige 2 x 1) (2)
- 2.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die party was stewig in die Kimbundu-omgewing gevestig
 - Guerrilla-aktiwiteit het tot 'n stilstand gekom.
 - Dit het in drie mededingende groepe gefragmenteer.
 - Dit het 'n streeksparty gebly
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- FNLA
 - MPLA
 - UNITA (Enige 3 x 1) (3)
- 2.1.4 *[Interpretasie van inligting van Bron 2A – V1]*
- Dit het swak opgeleide soldate gehad wat vanaf 'n klein basis geopereer het.
 - Dit was stamgesentreerd en dit het versuim om na ander stamme om te sien.
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

Die bron is BRUIKBAAR omdat:

- Dit beklemtoon die areas van konflik in Angola waarvolgens drie plattelandse groepe om mag meegeding het.
- Die groepe was swak omdat hulle nie 'n onderhandelende skikking kon bereik nie.
- Dit gee 'n uiteensetting van verskille tussen politieke leiers.
- Dit verklaar dat MPLA nog steeds met guerrilla-aanvalle uitgevoer het.
- Die drie groepe het 'n beroep op ondersteuning van buitelandse moondhede gedoen
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- OAE (Organisasie vir Afrika-eenheid) (Enige 1 x 1) (1)
- 2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Dit het toegelaat dat verkiesings vir 'n konstituerende vergadering in Oktober 1975 gehou sou en tot en met dié tyd, sou die mag in 'n oorgangsregering gevestig word, onder leiding van 'n Portugese hoë kommissaris.
 - Die Portugese en die drie partye sou elk drie ministeriële poste beklee, terwyl die premierskap roteer sou word onder die partye.
 - Dit het voorsiening gemaak vir die skepping van 'n Angolese weermag, waarby elke beweging 8 000 troepe en die Portugese 24 000 sou bydra. (Enige 2 x 1) (2)
- 2.2.3 *[Verduideliking van historiese begrippe van Bron 2B – V1]*
- Dit is 'n nuwe regering saamgestel uit die Portugese hoë kommissaris en drie bevrydingsbewegings in Angola.
 - Dit was 'n tussentydse regering wat op 31 Januarie 1975 ingewy sou word
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Die drie bevrydingsbewegingsleiers het by Alvor gelieg.
 - Neto en Savimbi was nie verbind tot die vorming van die nuwe Angolese weermag nie.
 - Daar was geen mannekrag om aan bepalinge van die Alvor-ooreenkoms toe te sien nie
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3 2.3.1
- Om leiers van die Angolese bevrydingsbewegings te wys wat die Nakuru-ooreenkoms op 21 Junie 1975 onderteken het
 - Die leiers is gewillig en gelukkig om die ooreenkoms te onderteken wat ons kan sien aan die duime op teken wat hulle wys
 - Dit toon hul toewyding aan vreedsame oplossings vir Angola se probleme
 - Dit wys Jomo Kenyatta as bemiddelaar tydens die ondertekening van hierdie ooreenkoms
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- J. Savimbi
 - H. Roberto
 - A. Neto (3 x 1) (3)

- 2.4 2.4.1 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 2D – V2]*
- Die oorlog sal in Angola voortgaan ongeag die Nakuru en die Alvor-akkoordooreenkomste.
 - Al die drie bevrydingsbewegings sal voortgaan met hul burgeroorlog
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4.2 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 2D – V2]*
- Luanda was die ekonomiese, politieke en demografiese hoofstad.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- FNLA (1 x 1) (1)
- 2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2C en Bron 2D – V3]*
- Bron 2C toon die drie bevrydingsbewegings van Angola wat die Nakuru-ooreenkoms onderteken om vrede te herstel, terwyl Bron 2D aandui dat die drie leiers met aanvalle voortgaan.
 - Bron 2C toon die verbinding van die Angolese leiers en hul glimlagte om te wys dat hulle gelukkig is met die ooreenkoms, terwyl Bron 2D wys dat die MPLA en FNLA leiers nie hulself verbind het om troepe na Luanda te stuur nie. (Enige 2 x 2) (4)
- 2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die bevrydingsbewegings het om mag meegeding (Bron 2A)
- Hierdie kompetisie het tot burgeroorlog gelei (Bron 2A)
- Die bevrydingsbewegings het geweier om te onderhandel (Bron 2A)
- Bevrydingsbewegings het buitelandse moondhede betrokke gemaak wat die omvang van die burgeroorlog vergroot het (Bron 2A)
- Bevrydingsbewegings ignoreer die Alvor-ooreenkoms (Bron 2B)
- Bevrydingsbewegings het nie hul verpligtinge teenoor die Alvor-ooreenkoms nie (Bron 2B)
- Die oorgangsregering het misluk (Bron 2B)
- Hulle het die OAE se oproep tot vrede en eenheid geïgnoreer (Bron 2B)
- Die ondertekening van die Nakuru-ooreenkoms het ook nie gematerialiseer nie (Bron 2C)
- FNLA-wreedhede het die bevolking se vyandigheid teenoor hulle verhoog (Bron 2D)
- Interne twis binne die MPLA het gelei tot verdere geweld (Bron 2D)
- Drie bewegings het in Luanda gebots – sodoende die oorgangsregering ignoreer (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van hoe die pogings van die Angolese bevrydingsbewegings misluk het om vrede in Angola in 1975 te bewerkstellig. • Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag oor onderwerp te gee of kan verslag oor onderwerp gee nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou met 'n groot mate verband aan die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip van hoe die pogings van die Angolese bevrydingsbewegings misluk het om vrede in Angola in 1975 te bewerkstellig. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die pogings van die Angolese bevrydingsbewegings misluk het om vrede in Angola in 1975 te bewerkstellig. • Bewyse hou goed verband met onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. 	6–8

(8)

[50]

VRAAG 3: WAT WAS DIE BYDRAE VAN DIE SWART AMERIKAANSE LEIERS TOT DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's?

- 3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Burgerregte Wet (1 x 1) (1)
- 3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- In werklikheid het vooroordeel nog steeds bestaan.
 - Afro-Amerikaners het nog steeds rassediskriminasie ervaar
 - Het laer lone as blankes ontvang.
 - Daar was 'n hoër misdadervlak in hul middestad-woongebiede.
 - Die Burgerregtebeweging kon nie aan swart mense dieselfde geleenthede as wittes gee nie; sosiaal, ekonomies en polities. (Enige 2 x 1) (2)
- 3.1.3. *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 3A – V1]*
- 'n Filosofie wat sosiale gelykheid bevorder het deur die skepping van politieke en kulturele instellings onder Afro-Amerikaners.
 - 'n Filosofie wat in die 1960's in die VSA uit die Burgerregtebeweging gegroei het en wat ook swart trots bevorder het.
 - Dit is 'n oproep vir Afro-Amerikaners om in solidariteit te verenig en selfstandig te word om ware integrasie te behaal
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (1)
- 3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Rassewaardigheid
 - Selfstandigheid (2 x 1) (2)
- 3.1.5 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3A – V2]*
- Daar is geen rede vir swartes om toestemming van blanke mense te vra vir enigiets wat hulle nodig het nie.
 - Swartes sal hul vryheid neem selfs al beteken dit geweld
 - Swartes bereid om vir hul vryheid te sterf.
 - Swartes verdien om selfstandig te wees en om vryheid van wit gesag te het in beide die ekonomie en politiek.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Om die politiek en die politici in sy eie gemeenskap te beheer
 - Om voort te gaan met 'n politieke program van heropvoeding om mense se oë oop te maak,
 - Om swart mense meer polities bewus en polities volwasse te maak.
 - Om die ekonomie van die gemeenskap te besit, bedryf en beheer. (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Die Verenigde State se regering het die Afro-Amerikaners afhanklik van witmense gemaak.
- Die toestande het nie verbeter nie.
- Die Verenigde State het demokrasie vir die hele wêreld gepreek, maar kon dit nie in sy eie land toegepas nie.
- Die federale regering het nie die grondwet van die Verenigde State van Amerika afgedwing nie.
- Die regte van Afro-Amerikaners is nie in die hof beskerm nie.
- Daar was geen ekonomiese vryheid en ook geen politieke lewe wat toegestaan was nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Die sit-stakingstrategie werk nie.
- Malcolm X wou 'n selfhulp-filosofie hê.
- 'n Sit-stakingstrategie is net 'n onderdanige metode vir witmense mense.
- 'n Sit-stakingstrategie beteken dat jy niks vir jouself kan doen nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Dit is vandag tyd vir hulle om vir te begin opstaan
- Om te veg om dit te ondersteun.
- Sluit aan by enige soort organisasie, burgerlik, godsdienstig, broederlik, politiek of andersins wat gebaseer is op die opheffing van die swartman wat hom in staat sal stel om die eienaar van sy eie gemeenskap te word (2 x 1) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C]*

- Om aan te toon dat die Black Panther Party 'n gevaarlike organisasie was.
- Om te wys dat lede van die Black Panther party gereed was om hulself te beskerm.
- Om te wys dat beide geslagte die onderdrukking gevoel het en hulle daartoe verbind was om te veg vir dit wat regmatig aan hulle behoort
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Dit verwys na Afro-Amerikaners wat gewere dra vir selfverdediging
- Lede van die Black Panther Party is gereed vir selfverdediging teen polisie-wreedheid.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

- 3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Rasse-trots
 - Selfversorging
 - Gelykheid vir alle mense van swart afkoms vanaf Afrika. (Enige 3 x 1) (3)
- 3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Omdat wit magstrukture slegs blankes toegelaat het om alle aspekte van die swartes se lewens te oorheers
 - Omdat wit magstrukture nie voorsiening gemaak het vir die behoeftes van swartes nie.
 - Deur wit magstrukture te dekonstrueer, kan swartes beheer oor hul eie noodlot neem
 - Die Afro-Amerikaners moet seggenskap en mag kry.
 - Die Afro-Amerikaners moet veg vir hul regte.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 3.4.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 3D – L3]*

Die bron is BRUIKBAAR omdat:

- Dit gee inligting oor die Swartmagbeweging en sy doelwitte.
 - Dit het swart mag bevorder.
 - Dit toon dat indien wit magstrukture nie afgebreek word nie, swartes nooit vry sal wees nie.
 - Dit beklemtoon ook ander organisasies wat die Swartmagbewegings deur selfhelp-programme ondersteun het
 - Dit beklemtoon ook dat die Swartmagbewegings 'n gewelddadige en anti-wit organisasie was
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3D – V3]*
- Beide bronne toon die doelwitte van die Swartmagbeweging
 - Beide bronne dui aan dat die Swartmagbeweging kulturele, politieke en ekonomiese programme moet ontwikkel.
 - Bron 3B verklaar dat die blanke regering versuim het om swartmense vryheid en hul regte te gee. Bron 3D verklaar dat hulle wit magstrukture moet dekonstrueer om swart seggenskap te hê.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)
- 3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
- Leiers soos Malcolm X en Carmichael was ontnugter met die verwerfde voordele van die Burgerregtebewegings (Bron 3A)
 - Stokely Carmichael ontwikkel die Swartmagbeweging as alternatief vir die Burgerregtebeweging (Bron 3A)
 - Carmichael propageer Swart solidariteit en selfverdediging (Bron 3A)
 - Carmichael propageer geweld om selfversorgsaamheid te bereik (Bron 3A)
 - Malcolm X het gevoel dat die VSA die Swartes gefaal het (Bron 3B)
 - Malcolm X het selfhelp programme gepropageer (Bron 3B)

- Malcolm X het geweld aangemoedig om swart nasionalisme te bereik (Bron 3B)
- Malcolm X het Swartes aangemoedig om bereid te wees om te sterf vir hul vryheid (stembrief of koeël) (Bron 3B)
- Gelei tot die stigting van die Black Panther Party deur Newton Searle (Bron 3C)
- Die Black Panther Party lede dra gewere vir selfverdediging (Bron 3C)
- Carmichael ten gunste van geweld om rassisme te bekamp (Bron 3D)
- Carmichael en Malcolm X-invloed het tot die geboorte van die Black Panther Party gelei
- Beide wou wit magstrukture afbreek om 'n swart stem te hê (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie of gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van die bydrae van die Swart Amerikaanse leiers tot die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's. • Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag oor onderwerp te gee of kan verslag oor onderwerp gee nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse wat meestal relevant en hou met 'n groot mate verband aan die onderwerp, bv. toon 'n begrip van die bydrae van die Swart Amerikaanse leiers tot die Swartmag Beweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse om 'n paragraaf te skryf 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevant bewyse van die bronne • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die bydrae van die Swart Amerikaanse leiers tot die Swartmag Beweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. 	6–8

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE**VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – CHINA**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om te verduidelik of Mao Zedong se beleid van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Revolusie sy poging was om sy gesag op die mense van China gedurende die 1950's en 1960's af te druk.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet aandui of Mao Zedong se beleid van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Revolusie sy poging was om sy gesag op die mense van China af te dwing of nie en aandui hoe hulle hul gedagterigting gaan ondersteun.

UITBREIDING

Indien kandidate saamstem kan hulle die volgende punte in hul antwoord insluit:

- Mao se bewindsoorname, die eerste vyfjaarplan en honderd blomme-veldtog agtergrond)
- Mao se beleid sluit in die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie en die Groot sprong Vorentoe was 'n poging om kommunisme te vestig

Die Groot Sprong vorentoe:

- Mao Zedong se Tweede Vyfjaarplan wat in 1958 begin het
- Dit het ten doel om China te industrialiseer om kapitalistiese lande in te haal en landbouproduksie te verbeter om Westerse lande te ewenaar
- Beëindiging van privatisering
- Landelike koöperasies is saamgesmelt in kommunes (kollektivering)
- Gedwonge samesmelting van boere in kommunes
- Propaganda wat gebruik word om produksie te bevorder

Hoe die Chinese op die Groot Sprong Vorentoe gereageer het:

- As gevolg van die slegte beplanning; swak ondersteuning aan boere; korrupte plaaslike amptenare; hoë belasting op plaasprodukte; agterplaasbedrywe vervaardig minderwaardige goedere; het nywerhede in duie gestort
- Dit was afhanklik van boere eerder as op masjinerie om China te industrialiseer
- Dit het boere aangemoedig om agterplaasbedrywe (industrialisasie op die platteland) op te rig
- Dit het 'n voedseltekort veroorsaak wat gelei het tot die hongersnood van miljoene mense
- Die ekonomie het in duie gestort

- Die ekonomie het in duie gestort
- Die Groot Sprong Vorentoe het binne drie jaar misluk, (ook bekend as 'Drie Bitterjare / die Groot Sprong-agteruit')
- Mao Zedong was gedwing om na 'n vorm van kapitalisme terug te keer
- Dit het daartoe gelei dat die Groot Sprong Vorentoe 'n mislukking was
- Mao het uiteindelik erken dat foute gemaak was en het bedank as president van China, maar het as voorsitter van die Chinese Kommunistiese Party aangebly
- In 1962 het hy die verantwoordelikheid van die ekonomie oorhandig aan president Liu Shaoqi en die algemene sekretaris van die SKP Deng Xiaoping en aan die politieke toneel onttrek.

Die Kulturele Rewolusie:

- **Die bedoelings van China se Kommunistiese Party** (praktiese beleide om die ekonomie te verbeter; outoritêre regeringsvorm; bemagtiging van landlose boere, grondhervormingsproses, nasionalisering van swaar nywerhede)
- **Klaslose samelewing** (gefokus op die verbetering van toestande van boere en werkers; het alle Chinese opgevoed om saam te werk vir 'n beter China)
- **Hy het die Kulturele Rewolusie** in 1966 geloods om die mag wat hy verloor het, te herstel nadat die Groot Sprong Vorentoe misluk het
- **Hy het die Rooi Wagte geloods** wat: die idees in die Rooi Boek bestudeer en versprei het; kleinboere opgevoed in die beginsels van Kommunisme; lees en skryf geleer het; die vervolging aangekondig (teenstanders van kommunisme is doodgemaak) anti-kommunistiese kuns en boeke vernietig het
- **Die rol van die Rooi Wagte** (Veldtog om die Vier Oues aan te val: die verandering van ou idees, tradisionele kultuur, gebruike en gewoontes)
- **Groot demonstrasies** is in die Tiananmen-plein en Beijing gehou en plakkate en foto's van Mao is oral opgestel
- Die **Klein Rooi Boek** (wat Mao se filosofieë oor Kommunisme bevat, het van alle burgers verwag om die beginsels van kommunisme, 'n bron van kommunistiese propaganda in China te memoriseer)
- **Uitskakeling van amptenare:** Deng Xiaoping en Liu Shao Qi is van die amp onthef en professionele persone (ingenieurs, wetenskaplikes, opvoeders, ens.) is ontslaan.
- **Sluiting van skole, kolleges en universiteite** (omdat dit krities was en die liberale elite verteenwoordig het)
- Nywerhede het gely en produksie het gestop teen 1968
- Enige ander relevante antwoord

SLOT:

- Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat.
- Indien kandidate aandui dat hulle nie saamstem nie, moet hulle hul gedagtegang met relevante historiese bewyse ondersteun.**

[50]

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE STUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Met die skryf van hierdie opstel moet die kandidate aandui tot watter mate Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere se politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide verseker het dat die Kongo en Tanzanië suksesvol was na die verkryging van hul onafhanklikheid in die 1960's. Kandidate moet hul antwoorde met verwysing na politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet fokus op die uitdagings wat die Kongo en Tanzanië na die verkryging van onafhanklikheid in die gesig gestaar het:

UITBREIDING

TANZANIË – Politieke prestasies en uitdagings

- Eenparty staat gebaseer op demokrasie
- Algemene taal – Swahili en Engels
- Aanvaarding van Leierskapskode
- Goedkeuring van ujamaa as inhoud vir Arusha-verklaring
- TANU het die Arusha-verklaring aangeneem
- Afrika-eenheid
- Enige ander relevante antwoord

KONGO – Politieke uitdagings

- Chaos sedert onafhanklikheid vanaf België
- Patrice Lumumba verkies as eerste minister
- Sluipmoord op Lumumba – kon nie met sy doelwitte voortgaan nie
- Coup d'état deur Mobutu
- Burgeroorloë
- Inmenging van België in politieke struktuur
- Mobutisme
- Korruptie en nepotisme en sy verwydering uit magposisie
- Enige ander relevante antwoord

TANZANIË – Ekonomiese uitdagings

- Implementering van Ujamaa
- Verpligte beweging na Ujamaa dorpe
- Weerstand teen Ujamaa deur die kleinboere
- Konsep van familieskap en gemeenskaplike boerdery
- Ujamaa-nedersettings het misluk om landbouproduksie te verhoog
- Afname in landbou
- Daling in uitvoere en voedseltekorte
- Die impak van IMF- en Wêreldbanklenings
- Nyerere se erkenning van die mislukking van Ujamaa
- Enige ander relevante antwoord

KONGO – Ekonomiese uitdagings

- Zaïrianisasie beleid
- Nywerhede is genasionaliseer
- Kongo-nasionaliste het buitelandse amptenare vervang
- Gebrek aan vaardighede het daartoe gelei dat landbouproduksie daal
- Daling in prys van hoofuitvoer
- Wanbestuur van die ekonomie
- Korupsie en diefstal van die staatshulpbronne / Kleptokrasie
- Land se buitelandse skuld het opgeloopt.
- Elite klasse het ontwikkel

TANZANIË – maatskaplike en kulturele uitdagings

- Nyerere se invloed op sosiale toestande (wat die sosiale toestande van sy mense kan beïnvloed)
- Ongeletterdheid verbeter
- Skole, klinieke en hospitale gebou
- Primêre gesondheidsorg verbeter
- Lewensverwagting het verbeter
- Afrikataal (Swahili)
- Tanzanië verenig oor etniese lyne
- Staatsradio en televisie-uitsendings het slegs Tanzaniëse musiek uitgesaai
- Enige ander relevante antwoord

KONGO – sosiale en kulturele uitdagings

- Hoër onderwysstelsel is uitgebrei en primêre onderwys het ook gestyg
- Frans was die taal van onderrig in die Kongo
- Kinders het Europese geskiedenis en taal geleer
- Aandpakke (suits) is verbied, vervang deur plaaslike klere
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

- Kandidaat moet die argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat.

[50]

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE BURGERREGTEBEWEGING

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretasie vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate behoort die gegewe stelling krities te bespreek en te verduidelik hoe die verskillende vorme van burgerlike samelewing betogings teen die 1960's verandering vir die meeste Afro-Amerikaners teweeggebring het. Kandidate moet toepaslike voorbeelde gebruik om hul gedagterigting te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe Swartes gemobiliseer het tydens die Montgomery Busboikot en ander nie-gewelddadige veldtogte om te veg vir hul burgerregte in die 1950's en 1960's. Relevante voorbeelde moet ter ondersteuning van die gedagtegang gegee word.

UITBREIDING

- Agtergrond – segregasie en diskriminasie in die VSA
- Rol van Martin Luther King Junior en nie-gewelddadige beleid
- **Montgomery Busboikot** – protesaksie deur Rosa Parks het gelei tot 'n massa-boikot van stadsbusstelsels; Martin Luther King Jnr. het tot prominensie gestyg en nie-gewelddadige massa protes bepleit. Teen einde 1955 het die federale hof segregasie van openbare vervoer ongrondwetlik verklaar.
- **Sit-staking (vanaf 1960)** – Greensboro, Noord-Carolina, vier studente het 'n 'sitstaking' by 'n slegs blanke eet-perseel begin. Sit-stakings versprei oor die gesegregeerde suide. Swart-en-wit studente het die Studente-nie-gewelddadige Koördinerende Komitee gevorm om die Burgerregtebeweging te ondersteun. – Ses eetgeriewe in Nashville het hul beleid verander en hul geriewe gedeseintegreer.
- **Vryheidsritte** – (nie-rassig / nie-gewelddadig) – sit in busse en reis van noorde na diep suid om nuwe federale wette te toets wat segregasie op nasionale busstelsel verbied het. Aangeval deur bendes, gebombardeer, in die tronk gegooi en nie deur plaaslike polisie beskerm nie – duisende vrywilligers en president Kennedy is gedwing om federale troepe in te roep om Vryheidsryers te beskerm. Nuwe wetgewing is deur die federale regering op 1 November 1961 ingestel wat interstaat openbare fasiliteite gedeseintegreer het.
- **Demonstrasies en optogte:**
 - **Birmingham 1963** – Massa-demonstrasies, insluitende 'n opmars deur kinders, is met gewelddadige reaksie van die polisie ontmoet. President Kennedy het op TV gesê dat rassegrasie 'n morele kwessie was. Op 10 Mei 1963 het stadsbesighede en munisipaliteit aangekondig dat munisipale fasiliteite gedeseintegreer sou word.
 - **Optog na Lincoln Memorial in Washington, DC 1963** – 250 000 mense het aan 'n nie-rassige, nie-gewelddadige optog na Washington deelgeneem om volle gelykheid en werksgeleenthede te eis. Martin Luther King Jr het sy 'Ek het 'n droom toespraak gelewer'.

- **Die Selma-Montgomery Optog (Maart 1965):** Om te vra dat Afro-Amerikaners toegelaat word om te registreer om te stem – na drie pogings, brutale polisie aanvalle op nie-gewelddadige demonstrasies (Bloedige Sondag) en massa-ondersteuning van regoor die land het hulle Montgomery bereik. President Johnson was onder druk om die 1965 Stemregwet deur te voer.
- **Vryheidsomer (1964)** – Duisende aktiviste en vrywilligers het gewerk om Afro-Amerikaners in Mississippi te registreer en in Vryheidsskole (geletterdheidsgeskiedenis) te leer. Hulle is met geweld van wit segregasiebende en polisiebeamptes begroet. In **1964 Wet op Burgerregte (Burgerregte Wet)** aanvaar wat alle diskriminasie en segregasie indiensneming en openbare fasiliteite verban het
- **Stemregwet van 1965 deurgevoer – verban alle kwalifikasies wat verhoed het dat Swart kiesers kon registreer. Burgerregtebeweging** het gelykheid voor die gereg behaal..
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

- Kandidate moet die argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. [50]

TOTAAL: 150